



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

NOVEMBER 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.
6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN IN DIE 1970's OP DIE LEERDERS VAN SOWETO GEHAD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Bestudeer Bron 1A.
- 1.1.1 Definieer die begrip *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Wat, volgens die bron, was die bedoeling van die filosofie van Swart Bewussyn? (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat Biko met die volgende woorde bedoel het: 'die kragtigste wapen in die hande van die onderdrukker, (is) die denke van die onderdrukte'. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Watter impak het Biko verwag moes die filosofie van Swart Bewussyn op die 'swart man' hê? (2 x 1) (2)
- 1.2 Lees Bron 1B.
- 1.2.1 Watter stappe het die apartheidsregering gedoen om die aktiwiteite van SASO en die BPC te onderdruk? (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Noem TWEE uitdagings waarvoor die Swartbewussynsbeweging tussen Desember 1972 en Maart 1973 te staan gekom het. (2 x 1) (2)
- 1.2.3 Verduidelik hoe die ondersteuners van die filosofie van Swart Bewussyn op die apartheidsregering se onderdrukkende maatreëls gereageer het. (2 x 2) (4)
- 1.3 Gebruik Bron 1C.
- 1.3.1 Volgens die bron, watter rol het die volgende leiers in die mobilisering van die studente in Soweto gespeel:
- (a) Tsietsi Mashinini (1 x 2) (2)
- (b) Seth Mazibuko (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Waarom, dink jy, het Mashinini 'n oproep vir massa-optogte teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart Suid-Afrikaanse skole gedoen? (2 x 2) (4)

- 1.3.3 Beskryf hoe gebeure die oggend van 16 Junie 1976 in Orlando-wes, Soweto verloop het. (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat 'n studie maak van die impak wat die SASM-leiers gedurende die 1970's op die leerders van Soweto gehad het. (2 x 2) (4)
- 1.4 Verwys na Bron 1D.
- 1.4.1 Verduidelik die boodskap wat deur die foto oorgedra word. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Wat vertel die woorde 'Na die duiwel met Afrikaans' jou oor die houding van Soweto-studente teenoor die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigmedium? (1 x 2) (2)
- 1.5 Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die visuele bewyse in Bron 1D oor die filosofie van Swart Bewussyn ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die invloed wat die filosofie van Swart Bewussyn gedurende die 1970's op swart Suid-Afrikaners gehad het, te verduidelik. (8)

[50]

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE HANTEER?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Hoe het die Menseregteskendingskomitee hul werksaamhede verrig? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Definieer die konsep *rekonsiliasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Waarom, volgens die WVK, is herstellende geregtigheid as belangrik beskou? Ondersteun jou antwoord met relevante redes. (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die meeste getuienis wat by die WVK aangehoor is, deur vroue gelewer is. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

- 2.2.1 Waarom het Rokaya Saloojee "n blywende haat vir sommige wittes' gehad? (Getuienis 1) (1 x 1) (1)
- 2.2.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die polisie moontlik Suluman Saloojee vermoor het? (Getuienis 1) (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Verduidelik tot watter mate jy die inligting in Getuienis 1 as bruikbaar sal beskou wanneer die moord op die anti-apartheids-aktivis, Suluman Saloojee, ondersoek word. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Waarom het James Simpson voor die WVK verskyn? (Getuienis 2) (1 x 2) (2)
- 2.2.5 Identifiseer die skuldiges in elk van die volgende:
- (a) Getuienis 1 (1 x 1) (1)
- (b) Getuienis 2 (1 x 1) (1)

- 2.3 Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 2A en Bron 2B (Getuienis 2) mekaar ondersteun rakende die werk van die WVK. (2 x 2) (4)

- 2.4 Bestudeer Bron 2C.
- 2.4.1 Watter persentasie wit Suid-Afrikaners het gedink dat die WVK 'n 'baie slegte ding' was? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Verduidelik waarom wit Suid-Afrikaners nie die WVK gesteun het nie. (2 x 2) (4)
- 2.4.3 Waarom dink jy het 'n groter persentasie swart Suid-Afrikaners teenoor wit Suid-Afrikaners die werk van die WVK gesteun? (1 x 2) (2)
- 2.5 Raadpleeg Bron 2D.
- 2.5.1 Haal TWEE redes uit die bron aan wat daarop dui dat die WVK gekritiseer is. (2 x 1) (2)
- 2.5.2 Verduidelik waarom die meeste swart Suid-Afrikaners ongelukkig was oor die bevindinge van die WVK. Gebruik bewyse uit die bron sowel as jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik of die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te hanteer. (8)
- [50]**

VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISERING GEHAD OP EKONOMIESE BETREKKINGE TUSSEN LANDE IN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE HALFROND?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Wat, volgens die bron, is *globalisering*? (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Identifiseer die TWEE finansiële instellings wat die dryfkrag agter globalisering was. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die verhouding tussen globalisering en demokrasie. (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Verduidelik of die aanvaarding van 'n handelsliberaliseringsbeleid ontwikkelende lande sou gehelp het om hulle ekonomieë te laat groei. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Hoe het Mark Malloch Brown *ongelykheid* beskryf? (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Wat was die inkomstegaping tussen die ryk en die arm lande? (1 x 2) (2)
- 3.2.3 Waarom, volgens Mbeki, was dit nodig om sterk suid-suid-vennootskappe op te bou? (1 x 2) (2)
- 3.2.4 Verduidelik of jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer die invloed van globalisering op die ontwikkelende lande bestudeer word. (2 x 2) (4)

3.3 Hoe verskil die inligting in Bron 3A en Bron 3B rakende die impak van globalisering op ontwikkelende lande? Ondersteun jou antwoord deur relevante bewyse te gebruik. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3C.

- 3.4.1 Gee EEN rede vir die toepassing van die Strukturele Aanpassingsplanne. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Verduidelik of jy saamstem met die manier waarop die Strukturele Aanpassingsplanne aan ontwikkelende lande opgelê is. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die skrywer handel tussen ontwikkelde lande en armer lande as onregverdig beskou het. (1 x 1) (1)
- 3.4.4 Waarom was dit nie vir ontwikkelende lande moontlik om geprosesseerde goedere in te voer nie? (2 x 1) (2)

3.5 Gebruik Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer die kontinente in die Noordelike en Suidelike Halfrond soos in die bron uitgebeeld. (2 x 1) (2)

3.5.2 Noem enige TWEE produkte waarmee lande in die Suidelike Halfrond met lande in die Noordelike Halfrond handel gedryf het. (2 x 1) (2)

3.5.3 Verduidelik hoe die spotprenttekenaar die verhouding tussen lande in die Suidelike en Noordelike Halfrond uitbeeld. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) wat die impak verduidelik wat globalisering op ekonomiese betrekkinge tussen lande in die Suidelike en Noordelike Halfrond gehad het. (8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate die interne versetbewegings in Suid-Afrika gedurende die 1980's daarin geslaag het om PW Botha se apartheidsregime uit te daag.

[50]**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

2014 vier die 20^{ste} herdenking van die stigting van 'n demokratiese en vrye Suid-Afrika.

Met verwysing na die stelling hierbo, bespreek tot watter mate leierskap, toegewings en onderhandelinge tussen verskillende politieke organisasies in 1994 tot die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika gelei het.

[50]**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Die ineenstorting van die Sowjetunie het gedurende die 1990's gehelp om politieke verandering in Suid-Afrika te bespoedig.

Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord.

[50]**TOTAAL: 150**